

**APRIL: God se vernuwingstroos is onstuitbaar en geklee in heiligheid**

Vrydag **26 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1-12**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:3**

**Geroep om te word wat ons is**

Die apostel Paulus skryf hier, soos dikwels, aan 'n gemeente wat te midde van die heidendom geleef het. Wanneer 'n mens se omgewing onheilig is, is die stryd om heilig te lewe, soveel feller. Om iets te onheilig, is mos baie maklik. Die sonde verg gewoonlik geen inspanning nie. Daarom word ons so maklik slagoffers van die sonde.

In hierdie gedeelte bemoedig die Here sy gemeente wat so tussen die heidene moes leef. Paulus gebruik die woord "heiligmaking" twee keer. In vers 3 sê hy dat ons heiligmaking God se wil is en in vers 7 dat God ons nie tot onreinheid geroep het nie, maar tot heiligmaking. Ons heiligmaking is God se wil. Hy het ons daartoe geroep.

Anders as ons regverdiging, wat 'n eenmalige gebeurtenis is, is ons heiligmaking iets wat dwarsdeur ons lewens plaasvind en waarin ons 'n verantwoordelikheid het. In die proses van ons heiligmaking is ons egter volkome aangewese op die leiding, krag en vertroosting van die Heilige Gees. Dis Hy wat die werk van Christus nou verder in ons daaglikse lewens toepas. Heiligmaking kan ook so beskryf word: om daaglik die ou mens af te sterf en om daaglik saam met Christus in 'n nuwe lewe op te staan.

Dikwels struikel ons op die pad van heiligmaking, maar Christus het opgestaan deur die krag van sy Gees! Daarom kan ons ook daaglik opstaan deur die krag van die Heilige Gees. So word ons heiligmaking die realisering van ons verlossing in Christus. Sodoende is ons heiligmaking die proses waarin ons al hoe meer word wat ons in beginsel reeds in Christus is. Dis maklik om onheilig te lewe in 'n onheilige wêreld, maar ons heiligmaking is die Almagtige se wil. Hy het ons daartoe geroep. Hoe troosvol! Hy self staan ons deur sy Gees by om gehoorsaam aan sy wil te wees. Ons is geen slagoffers van 'n onheilige wêreld nie. O nee, ons is meer as oorwinnaars deur sy krag.

*Sing: Psalm 34-1:1, 5, 6*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)*